



Dorothea-Nuus

- No. 1/2013 -

Nuusbrief van die **Dorothea-Sending** - 'n evangeliese geloofsending

Werksaam in: Suid-Afrika, Namibië, Zimbabwe, Zambië, Malawi en Mosambiek

(*n Nie-winsgewende organisasie - reg. no. 039-294-NPO)

Verdruk, maar nie teneergedruk nie.



Bo: Mense luister gretig na die Woord.

Onder: Die sendinghuis ongeveer 'n week na die vloed.



9n Januarie vanjaar was daar heelwat nuusberigte oor die vloed in Suid-Mosambiek. Duisende mense is ontwortel en moes vlug vir hulle lewe. Vir weke moes hulle in haglike omstandighede bly. Van ons vriende het kontak gemaak met ons kantoor om te vra hoe dit gaan met die drie evangeliste van die Dorothea-Sending en hulle gesinne.

Dit is met groot dankbaarheid teenoor die Here dat ons kan sê dat hulle veilig is. Verder het die Here hulle gehelp om hierdie *verleentheid* te omskep in 'n *geleentheid* vir die Evangelie!

Ons spanlede het onder andere soos volg getuig:

“As gevolg van hierdie krisis het daar niks gerealiseer van ons planne vir hierdie tydperk nie. Ons was saam met duisende ander in twee verskillende

vlugtelingkampe, een daarvan by Macia. Hier het ons gou besef dat die mense nie net fisies gebroke is nie, maar ook geestelik. Ons het saam met vier ander predikante wat ons goed ken gewerk en twee dienste per dag gehou - een soggens en een saans. Op versoek van die regeringshoof van die gebied, het al die predikante en evangeliste bymekaar gekom en onself georganiseer om die Woord van Hoop onder die mense sonder hoop te versprei. Ongeveer 180 kerkleiers van 50 denominasies het ingeskakel. Op hierdie manier is duisende mense op persoonlike vlak bereik.



Kinders speel saam te midde van moeilike omstandighede.

Op Sondag het ons ook dienste gehou in die hoofvlugtelingkampe. Die eerste Sondag het ek die boodskap gebring en meer as 2000 mense het die diens bygewoon. Ons dank die Here vir die geleentheid wat Hy gee om die Woord te verkondig “*tydig en ontydig*” (2 Timoteus 4:2). Ons het ontdek dat die mense nou ‘n groter honger het na die Woord van God as wanneer dit goed gaan met hulle.

Wanneer mense vergader het om voedsel of klere te ontvang van hulpverleningsorganisasies, was die versoek telkemale gerig dat ons eers ‘n boodskap uit die Bybel moet gee en moet bid. Ons het graag sulke geleentheid benut en sodoende het baie mense die Evangelie gehoor.

Tussendeur is ons nou besig met praktiese opruimingswerk by die eiendom van die Sending. Ons wil ook graag die mense aan die ander kant van die Limpoporivier bereik, maar kon tot sover nog nie daar kom nie. Hopelik sal dit binnekort realiseer.”

Ons span se program was eintlik baie vol in hierdie tyd en daar is verskeie mense wat hulle lewens aan die Here oorgegee het.

Ons gee aan die Here al die eer dat Hy Sy kinders kan gebruik om in die uiters moeilike omstandighede na hierdie ramp, skynende ligte in die duisternis te wees.

Gebedsverseeke:

1. Bid dat die Here die uitreike wat in hierdie krisistyd in die vloedgeteisterde gebied gehou word, sal seën en gebruik.
2. Dat mense wat in hierdie tyd tot bekeering kom, standvastig sal wees in hulle geloof.
3. Dat die Here wysheid sal gee met die praktiese opruimingswerk en in elke behoefte sal voorsien.
4. Dat die lewe in Chokwe spoedig weer na normaal sal kan terugkeer en die infrastruktuur goed herstel sal word.

Uit die hart

Onlangs het ek in my stiltetyd Job 1 gelees. Die woorde in vers 9 het my aandag getrek: "Is dit verniet dat Job God vrees?" Alhoewel hierdie woorde uit Satan se mond gekom het, vir wie ons geen waardering het nie, is dit uitdagende woorde waaroor ons moet nadink.

Die eerste uitdaging lê in die feit dat Satan nie vir Job kon aankla van enige duidelike sonde nie. Nee, hy moes hom bepaal by innerlike motiewe. Ek wonder of Satan dit so moeilik sou vind om iets te vind waaroor hy ons kan aankla? Dalk hoef hy nie so ver te soek nie. Dalk hoef hy nie lank te wag voor ons in een van die aaklige versoekings val wat hy oor ons pad kan stuur nie. Hy weet waar ons swakhede lê.

Die tweede uitdaging is dat Satan openlik erken het dat Job God gedien en gevrees het. Satan is wel 'n leuenaar, maar dit sou sinneloos gewees het vir hom om 'n valse aanklag voor die alwetende God te bring. Hierdie "vrees" beteken baie meer as wat die woord vandag gewoonlik beteken. Dit sluit in respek, liefde, gehoorsaamheid en aanbidding wat tot gevolg gehad het dat hy die kwaad vermy het en vlekkeloos was. Ek vertrou dat u ook God vrees en dien, soos wat Job gedoen het.

Die derde en grootste uitdaging is dat Satan verkeerd bewys is - soos ons in die res van die boek sien. Job het God nie gedien vir aardse redes soos gesondheid, rykdom en beskerming soos wat Satan geïnsinueer het nie. Toe al sy besittings, sy kinders en selfs sy gesondheid weggeneem is en hy boonop gekwel was deur erge lyding... het hy voortgegaan om God te vrees. Hy het nie verstaan wat gebeur het nie, maar hy het aangehou om God lief te hê, te vertrou, te gehoorsaam en te aanbid.

Waarom het Job God gevrees? Hy het God gevrees, nie vir wat God vir hom gedoen het nie, maar vir wie God is. Dit was sy verhouding met die Here en sy oorgawe aan Hom wat sy anker was. Ek vertrou dat u uitgedaag is om u verhouding met die Here te bewaar en te vertroetel. Die Limpopoprivier mag iemand se huis, sy lewende hawe, vriende en selfs familie meesleur, maar dit kan nie ons verhouding met ons Hemelse Vader wegneem nie. As u 'n ware broeder of suster in die Here is, is dit verreweg u mees kosbare en permanente besitting.

Deur God se genade gaan die evangeliste van die Dorothea-Sending voort om geleenthede te benut om die evangelie te verkondig en so te help om andere in hierdie wonderlike verhouding te bring. Mag u ook soortgelyke geleenthede in u eie situasie vind.

Jacques Malan

Nuus oor ons werkers

Saam met hierdie *Dorothea-Nuus* word daar ook 'n nuwe uitgawe van die *Gebedsgids* uitgestuur. Baie dankie aan elkeen wat hierdie inligting gebruik om vir ons by die naam te bid. Mag u ook deel in die Here se seën!



Volgens die *Gebedsgids* sal u merk dat **Temba en Jeni Tembo** sedert die uitstuur van die vorige uitgawe van die *Dorothea-Nuus* by ons span in Zimbabwe aangesluit het. Hulle is nie vreemdelinge in ons midde nie, want Temba het reeds vir ongeveer 20 jaar praktiese werk op ons sendingstasie in Harare verrig. Hy ervaar egter al 'n geruime tyd dat die Here hom roep vir voltydse geestelike werk en hy het in Desember 2012 sy Bybelkollege-opleiding voltooi.

Samson Chichongue wat reeds deel van ons span in Chokwe was, het ook sy finale Bybelkollege-opleiding in Desember voltooi en het weer sy gewig by die span gaan ingooi.

Daar is ook diegene wat meer onlangs uitgetree het. **Willy en Veronika Grimm** het vir meer as 20 jaar die *Dorothea-Sending* verteenwoordig in Switserland. Alhoewel dit nie vir hulle prakties moontlik was om byeenkomste toe te spreek nie, het hulle met groot toewyding die administratiewe sake behartig.

Die jare het egter aangestap en hulle was 'n paar maande gelede weens hul hoë ouderdom genoodsaak om die tuig neer te lê. Ons dank die Here dat hulle vir hierdie tydperk deel van ons Sending kon wees en ons bid hulle die Here se rykste seën toe vir die laaste skof. Dit is ons gebed dat hulle daagliks die waarheid van Jesaja 46:4 mag ervaar: *“Tot die ouderdom toe is Ék dieselfde, ja, tot die grysheid toe sal Ek julle dra; Ék het dit gedoen, en Ék sal julle opneem, en Ék sal dra en red.”*

Intussen behartig ons verteenwoordiger in Duitsland, Waldemar Achenbach, ook meeste van die belange van die *Dorothea-Sending* in Switserland. Sal u asseblief bid vir hom in hierdie addisionele taak en dat die Here op Sý tyd weer vir ons 'n verteenwoordiger vir Switserland sal gee? Baie dankie.

Anita Booys wat in ons Namibië-span gedien het, het gevoel dat die Here haar lei om, onafhanklik van die Sending, voltydse kinderevangelisasie in haar omgewing te doen. Ons bid haar die Here se rykste seën toe op haar bediening.



Neem asseblief kennis

dat die verjaardag van die Dorothea-Sending hierdie jaar op

Saterdag 14 September gehou sal word, D.V.

Merk dit gerus solank in u dagboek.

Meer besonderhede sal in ons volgende nuusbrief gegee word.

Al bly hulle ver en al is dit warm

By Zomba het baie mense bymekaar gekom om die Woord van God te hoor. Daar was twee egpare wat op die punt was om te skei. Ons kon hulle help en hulle huwelike is gered. 'n Sekere man, mnr Phiri, het 200 km ver gereis om te kom getuig dat hy tot bekering gekom het deur ons radioboodskappe oor die senders van TWR. Wanneer dit tyd is vir die uitsendings, is daar 'n hele groep wat saam inluister en baie het al daardeur tot bekering gekom.

By Chapananga het mense van verskillende nedersettings na die boodskappe kom luister. Dit was baie warm, maar baie het tog gekom. Verskeie mense het hul toormiddele en tabak gebring om verbrand te word as 'n bewys en getuienis dat hulle totaal daarmee breek. Ons is baie dankbaar vir diegene wat nie Christene was voor die uitreik nie, maar wat ons nou as gelowiges aan die plaaslike gemeentes kon bekend stel.

Ons het 'n uitreik gehou in 'n dorpie waar Islam baie sterk is. Nogtans was daar drie van die gemeenskapsleiers wat getuig het dat hulle die Here Jesus aangeneem het as hulle persoonlike Saligmaker. Ons dank die Here vir vrug wat Hy gee. (Malawi)



Verdwaal lei na die regte spoor.

Tydens ons dae van gebed in Januarie op *Dorothea*, het Daniel Chungwane van ons span in Chokwe, Mosambiek, die volgende treffende getuienis vertel:

“In hierdie dae wat ons hier is, het my vrou, Rita, my laat weet dat hulle 'n onverwagse besoeker ontvang het. Dié man was afkomstig uit Pretoria-Noord in Suid-Afrika (minder as 20 km vanaf ons sendingstasie)! Hy was op soek na 'n nedersetting in die Chokwe-omgewing waar hy 'n spesifieke toordokter wou gaan sien in verband met probleme in hulle familie. Iemand het hom na ons huis verwys om padaanwysings te vra. Rita het nie op haar laat wag nie, maar dadelik 'n plaaslike leraar gevra om met hom te kom gesels oor sy probleme. Hy het daar en dan sy geestelike nood besef en die Here Jesus as sy persoonlike Saligmaker aangeneem.”

Hierdie man het nie sy reis voortgesit nie, maar teruggekom na Suid-Afrika en Daniël kon met hom kontak maak en hom meer raad gee in verband met sy geestelike lewe voor ons span na Chokwe teruggekeer het.

Literatuur is klein sendelinge

Wanneer ons hospitaalbesoek doen, kan ons nie altyd opvolggesprekke met mense voer nie, omdat hulle dikwels gou ontslaan word. Die traktaatjies en boekies is egter soos klein sendelinge wat saam met hulle huis toe gaan en die boodskap uitdra.

Tydens 'n Sondagdiens in ons gemeente het ek langs 'n man uit Angola gesit. Hy het my daaraan herinner dat ek by 'n vorige geleentheid vir hom Portugese Bybelstudies gegee het wat hy gebruik onder Angolese vlugtlinge. Hy het gesê dat hierdie boekies al baie kerkgangers se geestelike oë geopen het. Hulle waardeer dit baie en hy het hierdie keer nog 'n aantal saamgeneem. (*Namibië*)

Hierdie Bybelstudies, *Wees 'n Lewende Lidmaat* in Portugees, asook ander Bybelstudies in verskillende tale, is beskikbaar by ons kantoor.



Kerkleiers in Mosambiek wat ook die Portugese Bybelstudies gedoen het.



Bemoedigings, probleme en behoeftes

Ons ervaar bemoedigings tydens die uitreike, maar vind ook verskillende probleme en behoeftes onder die mense. Die Sending se naam is op die voertuig wat ons gebruik. Onlangs, toe ons geparkeer het by die hospitaal, het 'n jong man, Tichaona, daar verbygehoop en dit gelees. Hy en sy vriend het teruggekom na ons en hy het begin getuig wat die werk van die Sending al vir hom beteken het. Toe hy in Graad 3 was, het ons gereeld die skool waar hy was, besoek en daar die Woord gebring. Hy het toe tot bekering gekom. Vandag is hy 'n dokter in die oogkliniek by die hospitaal, maar onthou nog dat die Here die Sending gebruik het om hom tot geloof te bring. Ons gee aan die Here al die eer.

By een plek waar ons dienste gehou het, het ons gevind dat die predikant twee vroue het. Dit was 'n moeilike saak, maar na ons die Saterdag 'n seminar oor leierskap aan gebied het, het hy besef dat hy nie kwalifiseer om 'n leier in die gemeente te wees nie en was hy gewillig om te bedank. Dit is vir hom 'n stap in die geloof omdat hy in die proses sy werk verloor en waarskynlik 'n groot familie het om te versorg. Bid asseblief vir sulke persone wat ter wille van hulle oortuigings, moeilike besluite moet neem.

Ons vind dat daar baie mense is wat nie werk kan vind in Zimbabwe nie en dan na Suid-Afrika of Botswana gaan. Die gevolg is dat die egpare nie saamwoon nie en dit bring baie versoekings en probleme mee. Verskeie van ons spanlede kon al saam met mense bid wat sulke probleme ervaar. Ons het ook al mense teëgekom wat bely dat hulle 'n buite-egtelike verhouding aangeknoop het as gevolg hiervan. Bid asseblief saam dat veral die Christene sterk sal staan in versoeking. (*Zimbabwe*)

“Wie sal Ek stuur en wie sal vir Ons gaan?”

Vir baie mense is “om voltydse in die Here se diens te wees” gelykstaande aan een of meer van die volgende: om 'n predikant te word, om 'n vreemde taal aan te leer, om in ver lande te gaan werk oor kultuurgrense heen, om evangelisasiewerk te doen in 'n geslote land, om blootgestel te wees aan vreemde siektes, om onbekende en dalk onsmaklike disse te moet eet, ens. Die lys kan seker nog heelwat langer wees.

Daar is egter ook baie mense wat nie opgelei is as predikante nie en nie na ver lande gaan nie en wat dalk nie gemaklik 'n groep mense toespreek nie, maar wat hul akademiese en ander bekwaamhede baie effektief op lang- of korttermyn in die Here se diens aanwend. Sulke mense is administratiewe beamptes, radiotegniese, motorwerktuigkundiges en dergelike wat onmisbaar is in sendingorganisasies.



Of ons self direkte evangelisasiewerk doen en of ons 'n ondersteunende rol speel deur praktiese take te verrig, die begeerte om te help om die Evangelie uit te dra, is die belangrikste. Dan sê ons saam met Paulus: “Die liefde van Christus dring ons” (2 Kor. 5:14).

As u dus ervaar dat die Here u roep vir 'n tydperk van voltydse diens van nege maande of langer en wonder of u bekwaamhede direk of indirek aangewend kan word in die Dorothea-Sending vir evangelisasiewerk, is u welkom om kontak met ons te maak. Ons glo die meegaande *Gebedsgids* gee 'n goeie oorsig oor ons velde van betrokkenheid en u kan ook meer lees op ons webbladsy. (Sien bladsy 8 vir besonderhede.)



Vrees en spanning gevolg deur vrede

In die hospitaal het 'n tagtigjarige moeder in die intensiewe sorgeneheid tot bekeering gekom. Sy was godsdienstig, maar was bang om te sterf. Sy het erken dat sy onseker was oor haar persoonlike verhouding met die Here. Haar dogter het haar onlangs ernstig blameer en verkwalik vir baie probleme wat sy tans beleef en die spanning het daartoe bygedra dat hierdie moeder in die hospitaal beland het.

Hierdie moeder het besef dat sy baie foute gemaak het en het begeer dat die verhouding met haar dogter herstel moes word. Haar grootste behoefte was egter om die Here se vergifnis te ontvang vir haarself as 'n sondaar. Sy het die Here Jesus aangeneem as haar persoonlike Saligmaker en vrede het haar hart vervul. Daarna het sy gereël om haar dogter wat haar so seergemaak het, te sien en met haar te praat. (*Hospitaalbediening*)

Gebedsversoeke

Graag deel ons ook die volgende gebedsversoeke vir u voorbidding asseblief:

1. Bid vir die volgende **uitreike** wat onder andere op die program is, D.V.:
 - Malawi-span by Nsanje: 5-14 April
 - Malawi en Tete spanne by Chitima: 1-12 Mei
 - Zambië-span by Kapiri Mposhi: 1-12 Mei
 - Suid-Afrika: Bybelkollege by Sekororo: 17 Junie tot 1 Julie
2. Anneliese Kropp van ons span in Namibië sal van Mei tot Julie in haar geboorteland, **Duitsland, wees vir verlof en deputasiewerk**, D.V. Bid vir goeie openinge om oor die werk te vertel en vir die Here se seën daarop.
3. Ons beplan om in Julie 'n weeklange **konferensie te hou vir die vroue** van ons buitelandse evangeliste, D.V. Dit sal gehou word op ons sendingstasie in Harare, Zimbabwe. Die doel hiervan is om hulle geestelik op te bou en hulle te bemoedig in hul diens vir die Here. Bid asseblief vir:
 - al die logistieke reëlings m.b.t. paspoorte en dergelike,
 - dat almal dit sal kan bywoon, ook die betrokke persone uit Suid-Afrika,
 - vir veilige reise, en
 - die belangrikste van alles, die Here se onmisbare seën op die program.
4. Bid vir 'n goeie inname van nuwe **Bybelkollegestudente** in Julie, D.V.
5. Ons projek om ons **kampterrein op Dorothea** op te gradeer sodat kerke en Christelike groepe dit kan gebruik vir kampe en seminare, vorder maar stadig. Bid dat die Here voorspoed hiermee sal gee.

“Omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is... nie, maar deur die kosbare bloed van Christus... julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees” (1 Petrus 1:18-19, 21).



ONS KONTAKBESONDERHEDE:

Direkteur: Jacques Malan

Adres: Posbus 911-024, ROSSLYN 0200, Suid-Afrika

Telefoon: 012-560 2002 of 082-8967960

E-pos: office@dorothea.org.za

Webbladsy: www.dorothea.org.za

Die Dorothea-Nuus is ook per e-pos beskikbaar.

Na aanleiding van navrae wat ons van tyd tot tyd ontvang, verstrek ons hiermee die bankbesonderhede van die Dorothea-Sending:

Dorothea Mission, Standard Bank, Van der Waltstraattak, takkode 010145 en rekeningnommer 011030801.